“**VUILWATERAANLEG**” sluit in die strukture, riol, pype, kleppe, pompe, meters en ander toebehore onder die beheer van die Raad, of van enige afdeling van Breërivier/Wynland Munisipaliteit, wat vir die vervoer, behandeling of wegdoening van vuilwater gebruik word.

1.2 Subject to the provisions of Section 1.1, any word or expression used to which a meaning has been assigned in the National Building Regulations and Building Standards Act or the regulations shall bear that meaning unless the context indicates otherwise.

2. POWERS AND FUNCTIONS OF COUNCIL

2.1 Council must ensure the provision of adequate bulk wastewater conveyance, treatment, disposal and re-use.

2.2 Bulk wastewater management includes responsibility for:

- (a) Bulk wastewater conveyance, treatment, disposal and management of re-use including:—
 - (i) bulk wastewater tariff setting;
 - (ii) tariff structuring;
 - (iii) planning and development of the strategic options;
 - (iv) drainage co-ordination;
 - (v) treatment and disposal strategy;
 - (vi) industrial effluent; and
 - (vii) environmental monitoring and protection, with the necessary attention to the possible effect of wastewater disposal on recreation and tourism.
- (b) Bulk wastewater infrastructure, including major pipelines, pumping stations, rising mains, wastewater treatment works and sludge treatment facilities;
- (c) Co-ordinate and management of individual wastewater catchments, including co-ordination of drainage strategy, treatment strategy, industrial effluents, sludge disposal, monitoring of flows, re-use of treated effluents, and environmental monitoring and protection.
- (d)
 - (i) The measurement of wastewater flow, including cross boundary flows where requested;
 - (ii) the calibration of flow gauges;
 - (iii) the determination of flows where accurate measurement is not possible and Council's decision shall be final.
- (e)
 - (i) Breede River/Winelands Municipality must provide, manage and maintain wastewater conveyance systems;
 - (ii) wastewater management by the Breede River/Winelands Municipality includes:—
 - (a) wastewater reticulation, including local wastewater systems, minor pipelines, conduits and minor plumbing stations;
 - (b) consumer metering and billing including consumer tariffs, billing and credit control.

3. PROVISIONS RELATING TO COUNCIL

3.1 Preparation of master drainage and treatment systems

Council must co-ordinate and maintain the necessary master drainage and catchment systems and shall provide and operate the relevant bulk infrastructure for the bulk conveyance, treatment and disposal infrastructure to accommodate

1.2 Onderworpe aan die bepalings van Artikel 1.1, sal enige woord of uitdrukking waaraan 'n betekenis in die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, of die regulasies, toegeken is, daardie betekenis hê, tensy die teksverband anders aandui.

2. BEVOEGDHEDE EN FUNKSIES VAN DIE RAAD

2.1 Die Raad moet toesien dat grootmaat vuilwater vervoer, behandel, verwyder en hergebruik kan word.

2.2 Die bestuur van grootmaat vuilwater sluit die verantwoordelikheid in vir:

- (a) Die vervoer, behandeling, wegdoening en bestuur van hergebruik, met insluiting van:—
 - (i) tariefvasstelling van grootmaat vuilwater;
 - (ii) vasstelling van tariefstrukture;
 - (iii) beplanning en ontwikkeling van die strategiese opsies;
 - (iv) koördinasie van dreinerings;
 - (v) strategie van behandeling en wegdoening;
 - (vi) industriële uitvloeisel; en
 - (vii) monitering en beskerming van die omgewing, met die nodige aandag aan die moontlike uitwerking wat die wegdoening van vuilwater op ontspanning en toerisme kan hê.
- (b) Infrastruktuur vir die hantering en behandeling van grootmaat vuilwater, met insluiting van hoofpylyne, pompstasies, hoofriole, vuilwaterbehandelingsaanlegte, en slykbehandelings-fasiliteite;
- (c) Koördinerings en bestuur van individuele vuilwater-opvanggebiede, met insluiting van koördinerings van dreineringsstrategie, behandelingstrategie, industriële uitvloeisel, slykverwydering, monitering van vloei, hergebruik van behandelde uitvloeisel en die monitering en beskerming van die omgewing;
- (d)
 - (i) Die meet van vuilwatervloei, met insluiting van vloei oor grense, soos versoek word;
 - (ii) die kalibrering van vloeieters;
 - (iii) die vasstelling van vloei, waar akkurate meting nie moontlik is nie, en die Raad se besluit is final.
- (e)
 - (i) Die Breërivier/Wynland Munisipaliteit moet aanlegte vir die vervoer van vuilwater voorsien, bestuur en onderhou;
 - (ii) die bestuur van vuilwater deur die Breërivier/Wynland Munisipaliteit sluit in:—
 - (a) 'n netwerk vir vuilwater, met insluiting van plaaslike vuilwater-aanlegte, sekondêre pylyne, leipype en sekondêre pompstasies;
 - (b) die meet van verbruik en rekeninge aan verbruikers, met insluiting van verbruikerstariewe, rekeninge en kredietbeheer.

3. BEPALINGS MET BETREKKING TOT DIE RAAD

3.1 Voorbereiding van hoofdreinerings- en rioolsuiweringaanlegte

Die Raad moet die nodige hoofdreinerings- en opvangstelsels koördineer en onderhou en moet die toepaslike grootmaat infrastruktuur voorsien vir die vervoer, behandeling en wegdoening van grootmaat vuilwater om die geraamde

the agreed projected wastewater discharge from individual catchments.

3.2 Design and Management

Council must effectively manage, design and operate the relevant bulk wastewater infrastructure and take all reasonable measures to ensure continuity of the service and the limitation of all performance malfunctions.

3.3 Performance Malfunctions

Council must monitor and record any wastewater spillage, overflow or environmental incident caused by its bulk wastewater operations.

3.4 Exfiltration

Brede River/Winelands Municipality must limit the exfiltration of wastewater from municipal wastewater systems to prevent groundwater pollution.

3.5 Special Exemption Permit Conditions

Brede River/Winelands Municipality are required to adhere to any specific condition imposed in terms of any Exemption Permit granted by the Department of Water Affairs for the operation of Council controlled wastewater treatment or disposal facilities.

3.6 Design and Management

Brede River/Winelands Municipality must effectively manage, design and operate their relevant wastewater infrastructure and take all reasonable measures to ensure the continuity of the service and the limitation of all performance malfunctions.

3.7 Special discharges

- (a) Special discharges, such as stercus, nightsoil, toilet conservancy and septic tank and chemical toilet effluents, can only be discharged at disposal points approved by Council.
- (b) Persons in control of these discharges must advise Council in writing and on a monthly basis, of the daily volumes and strengths of these special discharges.

4. TARIFFS PAYABLE TO BREDE RIVER/WINELANDS COUNCIL

4.1 Tariff determination

- (a) The basic monthly tariff payable by the consumers to Council for wastewater treatment and conveyance in rands per kilolitre for any financial year is based on:—

$$\frac{E}{C} \div 12 \text{ where}$$

E = Budgeted Bulk wastewater treatment and conveyance expenditure in rands

C = Net total anticipated wastewater in kilolitres per year.

- (b) The tariff for wastewater will be revised annually. In setting the tariff, Council shall take into account any applicable norms and standards that may be set by the Minister of Water Affairs and Forestry.

5. INDUSTRIAL EFFLUENT

5.1 Consent Required to Discharge Industrial Effluent

- (a) No person may, without the prior written consent of Council:—

hoeveelheid vuilwater wat van die individuele opvanggebiede kom, te kan hanteer.

3.2 Ontwerp en Bestuur

Die Raad moet die toepaslike grootmaat vuilwater infrastruktuur doeltreffend ontwerp, bestuur en hanteer en moet alle redelike maatreëls tref om te verseker dat die diens deurlopend beskikbaar is en dat wanfunksie van die stelsel tot 'n minimum beperk word.

3.3 Wanfunksie van die stelsel

Die Raad moet die voorvalle van stort, oorloop of omgewingskade wat deur die grootmaat vuilwaterstelsels veroorsaak word, monitor en opteken.

3.4 Sypeling

Die Breërivier/Wynland Munisipaliteit moet die sypeling van vuilwater uit die munisipale vuilwaterstelsels beperk om die besoedeling van ondergrondse water te voorkom.

3.5 Voorwaardes vir Spesiale Vrstellingspermit

Wat betref die hantering van die Breërivier/Wynland Munisipaliteit se vuilwaterbehandeling of wegdoeningstelsel, word van die Raad verwag om te voldoen aan enige bepaalde voorwaardes wat ingevolge enige Vrstellingspermit, soos toegestaan deur die Departement van Waterwese, vereis word.

3.6 Ontwerp en Bestuur

Die Breërivier/Wynland Munisipaliteit moet sy vuilwaterinfrastruktuur doeltreffend ontwerp, bestuur en hanteer en moet alle redelike maatreëls tref om te verseker dat die diens deurlopend beskikbaar is en dat wanfunksie van die stelsel tot 'n minimum beperk word.

3.7 Spesiale uitvloeisel

- (a) Spesiale uitvloeisel soos uitwerpsel, nagvuil, asook septiese tenk—en chemiese toilet uitvloeisel kan slegs op sekere wegdoeningspunte, soos deur die Raad goedgekeur, weggevoer word.
- (b) Persone in beheer van hierdie wegvoer, moet die Raad maandeliks, skriftelik in kennis stel van die volumes en konsentrasies van hierdie spesiale uitvloeisel.

4. TARIEWE BETAALBAAR AAN DIE BREËRIVIER/WYNLAND RAAD

4.1 Tariefvasstelling

- (a) Die basiese maandelikse tarief wat verbruikers aan die Raad moet betaal, vir die behandeling en wegvoer van vuilwater, in rand per kiloliter vir enige boekjaar word gebaseer op:—

$$\frac{E}{C} \div 12 \text{ waar}$$

E = Die koste in rand, van die Begrote Grootmaat vuilwaterbehandeling en -wegvoer

C = Netto totale verwagte getal kiloliter vuilwater per jaar.

- (b) Die tarief vir vuilwater sal jaarliks hersien word. By die vasstelling van die tarief, sal die Raad enige toepaslike norme en standaarde wat deur die Minister van Waterwese en Bosbou daargestel mag word, in ag neem.

5. INDUSTRIËLE UITVLOEISEL

5.1 Voorwaardes vir die stort van Industriële Uitvloeisel

- (a) Geen persoon mag sonder skriftelike toestemming van die Raad:—

- (i) Discharge or permit the discharge of industrial effluent directly or indirectly into any wastewater system; or,
 - (ii) increase, or permit to be increased by quantity, or vary or permit to be varied, the nature, content or composition of any industrial effluent so discharged.
- (b) Every person requiring Council's consent in terms of subsection (1a) must make application on the form obtainable from Council:—
- (i) simultaneously with submitting plans in terms of the National Building Regulations in the case of any discharge of or increase or variation in industrial effluent as a result of the erection of a building for which such form or plans are required, or, when (b)(i) is not applicable;
 - (ii) not less than 30 days prior to the commencement of the discharge or increase or variation in industrial effluent,
- and must provide such plans, diagrams, samples and additional information as Council may require.
- (c) Council may in its discretion refuse any application made in terms of subsection (b) or may grant its consent subject to any conditions or restrictions it considers necessary.
 - (d) Council may require the amendment of any application form of plans referred to in subsection (b) if it is of the opinion that the form or plans conflict with, or may lead to a contravention or evasion of, the provisions of this by-law.

5.2 Industrial Effluent Charges

- (a) Any person who discharges, or permits the discharge of, industrial effluent must pay Council a charge calculated in accordance with section 5.2(b).
- (b) The charge is, subject to the succeeding provisions of this section, the amount obtained by applying the formula calculated in terms of subsection (e) below, or "the basic charge" described in subsection (c) below, whichever is the greater.
- (c) The basic charge is the charge obtained in calculating the formula set out in subsection (e) below where the COD in that formula is substituted with CODav instead. The CODav is the weighted average chemical oxygen demand, as determined by Council, entering all the wastewater treatment works within the Breede River/Winelands Municipal area.
- (d) Council may direct that any or all of the criteria and procedures in this section be dispensed with if Council is of the reasonable opinion that the basic charge applies.
- (e) The formula for calculating the industrial effluent charge is:

$$\text{CHARGE} = V\{R + T (1/3 + \text{COD}/800 + \text{SF})\}$$

Where

"V" is the total volume, expressed in kilolitres, of industrial effluent discharged from the premises during the period concerned;

"R" is the cost in rand, as determined by Council, of conveying 1 kilolitre of wastewater;

- (i) Industriële uitvloeisel direk of indirek in enige vuilwaterstelsel stort of laat stort nie; of
 - (ii) die hoeveelheid sodanige industriële uitvloeisel laat toeneem of toelaat dat dit toeneem nie, of die aard, inhoud of samestelling daarvan verander of toelaat dat dit verander word nie.
- (b) Elke persoon wat die Raad se toestemming ingevolge subartikel (1a) benodig, moet aansoek doen op die vorm wat by die Raad verkry kan word:—
- (i) Terwyl planne gelyktydig ingevolge die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde voorgelê word, in die geval van enige storting van industriële uitvloeisel, of toename of verandering daarin as gevolg van die oprigting van 'n gebou waarvoor sodanige vorm of planne vereis word, of wanneer (b)(i) nie van toepassing is nie;
 - (ii) minstens 30 dae voordat die storting van industriële uitvloeisel sal begin of sal vermeerder of verander,
- en moet sodanige planne, diagramme, monsters en bykomende inligting wat die raad mag vereis, voorsien.
- (c) Die Raad mag sy diskresie gebruik om enige aansoek wat ingevolge subartikel (b) gedoen is, te weier, of kan dit toestaan onderworpe aan enige voorwaardes of beperkings wat hy nodig mag ag.
 - (e) Indien die Raad van mening is dat die planne of vorm teenstrydig is met, of kan lei tot oortreding of omseiling van die bepalinge in hierdie verordening, mag die Raad die wysiging vereis van enige aansoekvorm van planne waarna in subartikel (b) verwys word.

5.2 Industriële Uitvloeisel-Koste

- (a) Enige persoon wat industriële uitvloeisel veroorsaak of toelaat, moet 'n heffing aan die Raad betaal, welke heffing in ooreenstemming met artikel 5.2(b) bereken word.
- (b) Onderworpe aan die volgende bepalinge van hierdie artikel, is die heffing betaalbaar dit wat bereken word op grond van die formule in subartikel (e) hieronder, of "die basiese heffing" soos beskryf in subartikel (c) hieronder, watter een ook al die grootste is.
- (c) Die basiese heffing is die heffing betaalbaar wat bereken word op grond van die formule in subartikel (e) hieronder waar die COD in die formule vervang word met CODav. Die CODav is die aangepaste chemiese suurstof behoefte, soos deur die Raad bepaal, wat al die aanlegte vir die behandeling van vuilwater binne die Breërivier/Wynland Munisipale Raadsgebied vereis.
- (d) Indien die Raad van redelike mening is dat die basiese tarief van toepassing is, kan hy opdrag gee dat daar met enige van of al die kriteria en prosedures in hierdie artikel weggedoen word.
- (e) Die formule vir die berekening van 'n heffing vir industriële uitvloeisel, is

$$\text{BEDRAG} = V\{R + T (1/3 + \text{COD}/800 + \text{SF})\}$$

Waar

"V" = die totale volume, uitgedruk in kiloliters, industriële uitvloeisel wat binne die gegewe tydperk vanaf die perseel gestort word;

"R" = die koste in rand daarvan, soos vasgestel deur die Raad, om 1 kiloliter vuilwater te vervoer;

“**T**” is the cost in rand, as determined by Council, of treating 1 kilolitre of wastewater;

“**COD**” is the chemical oxygen demand of the effluent in milligrams per litre and must not be less than the value of COD_{av};

“**COD_{av}**” is the weighted average COD, as determined by Council, entering all the wastewater treatment works within the Breede River/Winelands Council area;

“**SF**” is the surcharge factor of the effluent calculated according to the formula:

$$SF = (X - L)/L$$

Where

“**X**” is the concentration of one or more of the parameters listed in a Schedule published by Council from time to time;

“**L**” is the limit applicable to that particular parameter.

- (i) No factor calculated by this formula may have a value less than zero.
 - (ii) In the case of the pH parameter X represents the pH value and, if (X – L) results in a negative value, a positive value of the same magnitude must be substituted.
- (f) The COD and SF of industrial effluent is the arithmetic average of not less than four samples taken at any time during a six to twelve month period.
 - (g) The SF is cumulative for all parameters which are outside the limits set in section 15.
 - (h) No SF will be applied if Council is satisfied that the SF applicable to a certain parameter, listed in section 15, is already reflected in the factor COD/800 or in the SF of another parameter.
 - (i) If, for any reason, any one or more of the four samples referred to in the subsection (f) above are not taken, or more than four samples are taken, Council may determine an equitable COD and/or SF.
 - (j) The occupier of any premises is entitled to receive, on request, part of any sample taken from the premises before that sample is removed by Council.
 - (k) Council may waive the SF contained in the formula referred to in section 5.2(e) where exemption from the requirements of the prohibited discharge into sewers has been granted in terms of Section 6.4.

5.3 Calculation of quantity of industrial effluent discharged

- (a) Council determines the total quantity of industrial effluent discharged from a premises.
- (b) If industrial effluent and other wastewater and/or stormwater are measured together Council will make no allowance for other wastewater and/or stormwater.
- (c) If the amount of industrial effluent discharge from a premises is not directly measured:
 - (i) Council will base the determination on the amount of water used at the premises, after making whatever allowance it considers fair for

“**T**” = die koste in rand daarvan, soos vasgestel deur die Raad, om 1 kiloliter vuilwater te behandel;

“**COD**” is die chemiese suurstof behoefte van die uitvloeisel in milligram per liter en mag nie minder wees as die waarde van die COD_{av} nie;

“**COD_{av}**” is die aangepaste chemiese suurstof behoefte, soos deur die Raad bepaal, van al die aanlegte vir die behandeling van vuilwater binne die Breërivier/Wynland Munisipale Raadsgebied.

“**SF**” is die versadigingfaktor van die uitvloeisel, bereken volgens die formule:

$$SF = (X - L)/L$$

Waar

“**X**” die konsentrasie is van een of meer van die parameters wat die Raad van tyd tot tyd in die skedule publiseer;

“**L**” die limiet is wat op daardie spesifieke parameter van toepassing is.

- (i) Geen faktor wat deur middel van hierdie formule bereken word, mag 'n waarde van minder as nul hê nie.
 - (ii) In die geval van die pH parameter, verteenwoordig X die pH waarde en, indien (X – L) 'n negatiewe waarde tot gevolg het, moet dit met 'n positiewe waarde van dieselfde grootte vervang word.
- (f) Die COD en SF van industriële uitvloeisel is die rekenkundige gemiddelde van nie minder nie as vier monsters wat op enige tyd gedurende 'n tydperk van ses tot twaalf maande geneem is.
 - (g) Die SF is kumulatief vir al die parameters buite die limiete soos in artikel 15 (chemiese limiete) bepaal.
 - (h) Geen SF sal toegepas word indien die Raad tevrede is dat die SF wat op 'n sekere parameter van toepassing is, soos gelys in artikel 15, reeds in die faktor COD/800 of in die SF van 'n ander parameter weerspieël word nie.
 - (i) Indien een of meer van die vier monsters waarna in subartikel (f) hierbo verwys word, om enige rede nie geneem is nie, mag die Raad 'n billike COD en /of SF vasstel.
 - (j) Die okkupeer van enige perseel is daarop geregtig om, op versoek, 'n hoeveelheid van die monster wat op daardie perseel geneem is, te ontvang voordat die Raad daardie monster verwyder.
 - (k) Die Raad mag afsien van die SF soos vervat in die formule waarna in artikel 5.2 (e) verwys word, waar kwytskelding van die vereistes van die verbod op storting in riole ingevolge Artikel 6.4 toegestaan is.

5.3 Berekening van die hoeveelheid industriële uitvloeisel wat gestort is

- (a) Die Raad bepaal die totale hoeveelheid industriële uitvloeisel wat op 'n perseel gestort is.
- (b) Indien industriële uitvloeisel en ander vuilwater en/of vloedwater saam gemeet word, sal die Raad geen toegewing maak vir ander vuilwater en/of vloedwater nie.
- (c) Indien die hoeveelheid industriële uitvloeisel wat op 'n perseel gestort word, nie direk gemeet word nie,
 - (i) sal die Raad die hoeveelheid baseer op die hoeveelheid water wat op die perseel verbruik word, nadat hy vir huishoudelike

water used for domestic purposes of irrigation, loss to the atmosphere, or present in the articles produced at the premises, and

- (ii) if industrial effluent is discharged from the premises at more than one point, Council will allocate the said amount of water to the points of discharge as accurately as possible.
- (d) If a measuring device is proved to be defective, Council will, subject to subsection (e) below, make due allowance for the defect in its calculation of the quantity of discharge.
- (e) Council may, by notice in writing, require the occupier, owner or person in control of, or using, any premises to provide such information, access of facilities Council considers necessary either for the accurate calculation of the charge payable, or to establish whether a charge is in fact payable in respect of the premises.
- (f) If Council is of the opinion that the sampling does not represent the actual average quality of industrial effluent, then it may use an alternative acceptable method in order to determine an equitable industrial effluent charge.
- (g) If Council is unable to assess the quantity or charge due because:—
 - (i) the formula referred to in section 5.2(e) above, is dispensed with, and/or
 - (ii) a notice referred to in subsection 5.3(e) above is not complied with, and/or;
 - (iii) any contravention of this by-law has taken place and as a result the charges due in respect of the premises concerned cannot be calculated accurately;

then Council will assess the charge due as being such amount as it considers fair.

5.4 Conditions

Council may, by notice in writing, require the owner, occupier or person in control of, or using, a premises from which industrial effluent is discharged at his or her own expense to:—

- (a) subject the industrial effluent to such treatment as will, in the opinion of Council, ensure that it complies at all times with Council's requirements;
- (b) discharge such industrial effluent only during specified hours, at a specified rate or at a volume or strength which does not exceed a specified maximum; and
- (c) discontinue or reduce the discharge of any industrial effluent which, in Council's opinion requires special treatment by reason of its volume or strength.

5.5 Rebates

Council may grant or revoke any rebate on the charges referred to in this section in the interest of efficient wastewater management.

6. PROHIBITED DISCHARGE INTO SEWERS

- 6.1 No person may discharge or permit to be discharged any stormwater or other substance which is not wastewater, directly or indirectly into any sewer.
- 6.2 It is prohibited for any person to discharge wastewater or industrial effluent into any sewer, whether directly or indirectly which:

gebruik, besproeiing, verdamping of water wat nog op die perseel is, toegewings gemaak het, en

- (ii) indien industriële uitvloeisel by meer as een punt op die perseel gestort word, sal die Raad die genoemde hoeveelheid water so akkuraat as moontlik aan die stortplekke toeken.
- (d) Indien 'n meter as defektief bewys is, sal die Raad, onderworpe aan subartikel (e) hieronder, toegewings maak in sy berekeninge van die hoeveelheid uitvloeisel wat gestort is.
- (e) Die Raad mag, deur skriftelike kennisgewing, van die okkupeer, eienaar of persoon in beheer van die perseel verwag om sodanige inligting oor, en toegang tot, die perseel te verskaf as wat hy nodig mag ag òf vir die akkurate vasstelling van die heffing betaalbaar, òf om vas te stel of 'n heffing in werklikheid ten opsigte van die perseel betaalbaar is.
- (f) Indien die Raad van mening is dat die monster, soos geneem, nie die werklike gemiddelde gehalte van die industriële uitvloeisel verteenwoordig nie, mag hy 'n alternatiewe aanvaarbare metode gebruik om 'n billike heffing vir die industriële uitvloeisel vas te stel.
- (g) Indien die Raad nie daartoe in staat is om die gehalte of die heffing vas te stel nie, omdat:—
 - (i) daar van die formule waarna in artikel 5.2(e) hierbo verwys word, afgesien is en/of;
 - (ii) daar nie aan 'n kennisgewing waarna in artikel 5.3(e) hierbo verwys word, voldoen is nie en/of;
 - (iii) hierdie verordening op die een of ander wyse oortree is en die heffings betaalbaar gevolglik nie korrek bereken kan word nie;

sal die Raad die heffing betaalbaar vasstel as sodanige bedrag wat hy as regverdig beskou.

5.4 Voorwaardes

Die Raad mag, deur skriftelike kennisgewing, van die okkupeer, eienaar of persoon in beheer van die perseel van waar industriële uitvloeisel gestort word, verwag om op eie koste:—

- (a) Die industriële uitvloeisel te behandel sodat dit te alle tye aan die Raad se vereistes voldoen;
- (b) sodanige industriële uitvloeisel slegs op sekere bepaalde ure, teen 'n bepaalde hoeveelheid of teen 'n volume of konsentrasie wat nie die bepaalde maksimum oorskry nie, te stort en
- (c) die storting te staak van enige industriële uitvloeisel wat volgens die Raad se mening a.g.v die volume of konsentrasie daarvan, spesiaal behandel moet word.

5.5 Kortings

Die Raad mag enige korting op die heffings waarna in hierdie artikel verwys word, toestaan of ophef, indien dit in belang van die doeltreffende vuilwater-bestuur is.

6. VERBODE STORTING IN RIOLE

- 6.1 Geen persoon mag enige vloedwater of ander materie wat nie vuilwater is nie, direk of indirek in enige riool stort nie.
- 6.2 Dit is vir enige persoon verbode om vuilwater of industriële afloop wat:

- (a) does not conform with the limits set out in section 15;
- (b) contains any substance which gives off or is liable to give off explosive, poisonous or inflammable gases or vapours;
- (c) contains any substance which has an open cup flashpoint of less than 60°C;
- (d) contains any volatile flammable solvents or organic solvents immiscible with water; or
- (e) contains any substance which may, in the opinion of Council, by itself or in combination with any other substances:—
 - (i) cause a nuisance to the public or any section thereof;
 - (ii) endanger the health of or injure any person, whether employed by Council or not;
 - (iii) injuriously affect any sewer or wastewater works or any works or land connected with any sewer or with the conveyance, treatment, purification disposal or re-use of wastewater; or
 - (iv) in any way prejudice the disposal or re-use of wastewater effluent after treatment or purification or lead to an effluent which does not meet any requirements imposed in terms of any applicable legislation.

6.3 A person may not discharge any substance other than industrial effluent into a separate system of conveyance, and discharge as described in section 8.1(b) below. If a person has a separate system for conveyance of industrial effluent, then that person is restricted to discharging the industrial effluent through that system only and may not discharge it into any other sewer.

6.4 Council may, for such period and subject to such terms and conditions as it deems fit, permit any discharge prohibited by the preceding provisions of this section. No permission granted in terms of this section will be valid unless it is in writing.

7. PROHIBITED DISCHARGE INTO STORMWATER DRAINAGE SYSTEMS

- 7.1 No person may permit the discharge of any substance other than stormwater into any stormwater drainage system.
- 7.2 Council may, for such period and subject to such terms and conditions as it deems fit, permit any discharge prohibited by subsection 7.1 above. No permission granted in terms of this subsection is valid unless it is in writing.
- 7.3 If Council is of the opinion that the action of rainwater or the use of water on premises is likely to cause objectionable matter to be discharged into any stormwater drainage system, then Council may, by notice in writing, require the owner, occupier or person in charge of or using the premises to take the necessary measures within a specified period, and at the person's cost, to prevent such a discharge.
- 7.4 If a person fails to adequately comply with a notice in terms of section 7.3, or fails to comply within the specified time, then Council may take the measures it considers necessary to remedy the situation.
- 7.5 For the purposes of section 7.3, "objectionable matter" includes, but is not limited to, solid or suspended matter, mud, refuse, industrial effluent and the like.

- (a) nie aan die limiete soos in artikel 15 uiteengesit, voldoen nie;
- (b) enige materie bevat wat plofbare, giftige of vlambare gasse of dampe afgee of kan afgee;
- (c) enige materie bevat wat 'n atmosferiese vlammpunt van minder as 60°C het;
- (d) enige vlugtige, vlambare oplosmiddels of organiese oplosmiddels bevat wat nie met water meng nie; of
- (e) enige materie bevat wat, na die mening van die Raad, op sigself of in kombinasie met enige ander materie:—
 - (i) 'n probleem vir die publiek of enige sektor daarvan veroorsaak;
 - (ii) die gesondheid van enige persoon in gevaar stel, of enige persoon beseer, of hy in diens van die Raad is al dan nie;
 - (iii) nadelig is vir enige riool of vuilwater aanleg of enige aanleg of grond wat met enige riool, of met die behandeling, suiwering, wegdoening of hergebruik van vuilwater verband hou; of
 - (iv) op enige wyse die wegdoening of hergebruik van vuilwater uitvloeisel ná behandeling of suiwering benadeel of lei tot uitvloeisel wat nie voldoen aan die vereistes soos ingevolge die toepaslike wetgewing bepaal word nie,

direk of indirek in enige riool te stort.

6.3 'n Persoon mag nie enige materie buiten industriële uitvloeisel in 'n afsonderlike netwerk, soos beskryf in item 8.1(b), stort nie. Indien 'n persoon 'n afsonderlike stelsel vir die vervoer van industriële uitvloeisel het, word daardie persoon beperk om daardie industriële uitvloeisel slegs deur middel van daardie stelsel te stort en mag geen ander rioolstelsel daarvoor gebruik word nie.

6.4 Die Raad mag, vir sodanige tydperk en onderhewig aan sodanige voorwaardes wat hy as toepaslik beskou, enige storting wat deur vorige voorwaardes beperk is, toelaat. Slegs toestemming wat skriftelik ingevolge hierdie artikel gegee word, is geldig.

7. VERBODE STORTING IN VLOEDWATER DREINERINGSSTELSEL

- 7.1 Geen persoon mag enige materie buiten vloedwater in enige vloedwater dreineringsstelsel stort nie.
- 7.2 Die Raad mag, vir sodanige tydperk en onderhewig aan sodanige voorwaardes wat hy as toepaslik beskou, enige storting wat deur subartikel 7.1 verbied word, toelaat. Slegs toestemming wat skriftelik ingevolge hierdie artikel gegee word, is geldig.
- 7.3 Indien die Raad van mening is dat reënwater of die gebruik van water op 'n perseel kan veroorsaak dat skadelike materie in enige vloedwater dreineringsstelsel stort, mag die Raad per skriftelike kennisgewing van die eienaar, die okkupeer of die persoon wat in beheer van die perseel is of dit gebruik, vereis om binne 'n sekere tydperk op eie koste die nodige maatreëls te tref om sodanige storting te voorkom.
- 7.4 Indien 'n persoon nie aan die vereistes van 'n kennisgewing ingevolge subartikel 7.3 voldoen nie, of nie by die voorgeskrewe tydperk hou nie, mag die Raad stappe doen wat hy nodig ag om die situasie reg te stel.
- 7.5 Vir die doeleindes van subartikel 7.3, sluit skadelike materie in, soliede of drywende materie, modder, afval, industriële uitvloeisel.

- 7.6 Any person who keeps, conveys or handles any substance which may, in the opinion of Council, either directly or indirectly have a negative impact on any stormwater drainage system must take adequate precautions to prevent such occurrence.
- 7.7 In addition to any other charge which may be payable in terms of this or any other law, a penalty may be levied at the discretion of Council if anything other than stormwater is discharged from a premises, or from any container on the premises, into the stormwater drainage system.
- 7.8 The penalty referred to in section 7.7 is payable, jointly and severally, by the owner, occupier or person in control of or using the premises, or the person having control of the said container.

8. INSTALLATION AND MAINTENANCE OF EQUIPMENT

- 8.1 Council may, in order to assess any charge provided for in this by-law, or to ensure compliance with any provision of this by-law, by notice in writing, require the owner of any premises, within a specified period and at the own expense of the owner:
- (a) to construct or install inspection, sampling and metering chambers of such dimensions, materials and construction and in such positions as Council may determine;
 - (b) to construct or install a separate system for the conveyance of and/or discharge from the premises of all industrial effluent arising from the premises;
 - (c) to provide and maintain such gauges or other metering devices as Council considers necessary to:—
 - (i) measure the volume of water used at the premises and the volume of water obtained from any source other than Council;
 - (ii) measure separately the volume of water used for any specified purpose or in any specified portion of the premises;
 - (d) to provide proof to the satisfaction of Council that any gauge or device referred to in paragraph (c) is functioning correctly and accurately; and
 - (e) to construct and properly maintain an equalising tank with a capacity to be determined by Council, but at least equal to six hours retention, into which wastewater is to be directed, as specified by Council.
- 8.2 Council may, at the expense of the owner, install and maintain on a premises any meter, gauge, sampling or similar device, to take samples or ascertain the volume, composition or strength of any wastewater or other substances discharged from the premises or for ascertaining the volume of water supplied to or consumed on the premises or any portion thereof.
- 8.3 The owner, occupier or person in control of or using any premises on which an item has been erected or installed in connection with the conveyance, treatment or disposal of wastewater must ensure that the item is kept free of any blockage and is maintained and cleaned so as to operate efficiently at all times. Such an item may include but is not limited to, any structure, chamber, tank, trap, meter, gauge, or similar device. This subsection does not apply to an item which is maintained by Council.
- 8.4 Council may, in order to assess any charge provided for in this by-law or to ensure compliance with any provision of this by-law, sample any discharge and may determine the place at which such sample will be taken.

- 7.6 Enige persoon wat enige materie hou of hanteer, wat moontlik volgens die Raad direk of indirek 'n nadelige uitwerking op enige vloedwater dreineringsstelsel kan hê, moet voldoende maatreëls tref om dit te voorkom.
- 7.7 Afgesien van enige koste wat ingevolge hierdie of enige ander regulasie betaalbaar mag wees, kan 'n boete volgens die diskresie van die Raad gehef word indien enigiets anders as vloedwater vanaf 'n perseel, of van enige houer op die perseel, in die vloedwater dreineringsstelsel gestort word.
- 7.8 Die boete waarna in subartikel 7.7 verwys word, is gesamentlik en afsonderlik betaalbaar deur die eienaar, okkupeer, gebruiker of persoon in beheer van die perseel, of die persoon wat beheer oor die genoemde houer het.

8. INSTALLASIE EN ONDERHOUD VAN TOERUSTING

- 8.1 Met die oog daarop om enige koste waarvoor in hierdie verordening voorsiening gemaak word, te analiseer, of om te verseker dat die bepalings van hierdie verordening nagekom word, mag die Raad deur skriftelike kennisgewing van die eienaar vereis om op die eienaar se eie onkoste:
- (a) Met die oog op inspeksie, neem van monsters en meting, putte te bou of te installeer wat aan die Raad se voorskrifte voldoen wat afmetings, materiale en bouwerk betref;
 - (b) 'n aparte stelsel te bou of te installeer om alle industriële uitvloeisel wat op die perseel ontstaan te stort en/of vanaf die perseel te vervoer;
 - (c) meters en ander meettoestelle, soos deur die Raad vereis, te voorsien en te onderhou, om die volume water wat:—
 - (i) op die perseel gebruik word, en die volume water wat van 'n bron anders as die Raad verkry word, te meet;
 - (ii) vir enige spesifieke doel of enige spesifieke deel van die perseel gebruik word, apart te meet;
 - (d) aan die Raad voldoende bewys te lewer dat enige meter of toestel waarna in paragraaf (c) verwys word, korrek en akkuraat funksioneer en
 - (e) om 'n stoortenk met 'n hou vermoë soos deur die Raad bepaal, te bou en te onderhou, maar wel met retensie gelyk aan ten minste ses uur se normale afloop, en waarin vuilwater gestort kan word, soos deur die Raad bepaal.
- 8.2 Die Raad kan op koste van die eienaar, enige meter, toestel vir die neem van monsters of soortgelyke toestel installeer of onderhou, om monsters te neem of om die volume, samestelling of konsentrasie vas te stel van enige vuilwater of ander afloopwater wat op die perseel of gestort word, of om die volume te meet van die water wat aan die perseel gelewer word of op die perseel of enige deel daarvan verbruik word.
- 8.3 Die eienaar, okkupeer, gebruiker of persoon in beheer van die perseel, of wat die perseel gebruik, waarop die 'n item vir die vervoer, behandeling of wegdoening van vuilwater gebou of geïnstalleer is, moet toesien dat die item vry van enige blokkasie gehou word en onderhou en skoongemaak word om te alle tye doeltreffend te werk. Sodanige item kan enige struktuur, put, tenk, opvangtoestel, meter of soortgelyke voorwerp insluit, maar is nie daartoe beperk nie. Hierdie subartikel is nie van toepassing op items wat deur die Raad onderhou word nie.
- 8.4 Met die oog daarop om enige koste waarvoor in hierdie verordening voorsiening gemaak word vas te stel, of om te verseker dat die bepalings van hierdie regulasie nagekom word, mag die Raad monsters van enige storting neem en mag hy ook die plek bepaal waar sodanige monster geneem word.

9. COUNCIL'S POWERS ON CONTRAVENTION OF BY-LAW

9.1 Council may, in addition to any other powers conferred upon it under this or any other law, by notice in writing require the owner, occupier or person in control of or using any premises on or in connection with which a contravention of this by-law has taken place to rectify the contravention by a specified date. If the person fails to comply with the notice, Council may:—

- (a) itself give effect to the requirements of the notice;
- (b) seal or block any point of discharge from the premises which is being used in connection with a contravention of this by-law, regardless of whether the discharge point is also being used for lawful purposes;
- (c) cancel any consent granted in terms of this by-law which relates to the contravention which has taken place;
- (d) restrict the water supplied by Council.

9.2 In the event of any discharge in contravention of sections 6, 7 or 8 of this by-law, Council may take the measures it considers necessary to remedy the situation.

9.3 Council may recover the reasonable costs incurred by it as a result of acting under section 7.4, 9.1 or 9.2 above, from the following persons, jointly and severally:

- (a) The owner of the premises at the time of the contravention in terms of sections 9.1 or 9.2;
- (b) The occupier, or person in control of or using the premises at the time of the contravention in terms of sections 9.1 or 9.2;
- (c) Any person who is responsible for, or contributed to, a prohibited discharge, provided that this applies only to costs incurred by Council in respect of section 9.2 above.
- (d) The person served with the notice in terms of section 7.4, provided that this applies only in respect of a contravention of section 7.3.

9.4 The reasonable costs referred to in section 9.3 may include, but are not limited to, the environmental cost, labour, administration and overhead costs and prosecution and legal costs.

10. REGISTER OF TRANSPORTERS OF WASTEWATER

10.1 All owners or occupiers of premises who remove any wastewater, or its by-products, from their premises by way of other transportation instead of the wastewater system are obliged, within three months of the date of commencement of this by-law, to register with Council by delivering a written notice containing at least the following information:—

- (a) their name and contact details, including their physical address;
- (b) a short description of their operations and the nature of the wastewater produced;
- (c) an estimate of the quantity of the wastewater removed as well as the frequency of removal;
- (d) details of where the wastewater is eventually disposed.

10.2 If the wastewater is removed by a separate transporter for gain then the owner or occupier is obliged to record the details of the transporter including their name, contact details

9. DIE RAAD SE BEVOEGDHEDE BY OORTREDING VAN HIERDIE VERORDENING

9.1 Afgesien van enige ander bevoegdhede wat ingevolge hierdie of enige ander verordening/wet aan hom toegeken is, kan die Raad deur skriftelike kennisgewing aan die eienaar, okkupeer, gebruiker of persoon in beheer van die perseel, of wat die perseel gebruik, waar daar 'n oortreding van hierdie verordening plaasgevind het, vereis om die oortreding teen 'n bepaalde datum reg te stel. Indien die persoon in gebreke bly om aan die kennisgewing te voldoen, kan die Raad:—

- (a) Self die optrede soos deur die kennisgewing vereis, laat uitvoer;
- (b) enige stortpunt van die perseel waarop die oortreding van die verordening van toepassing is, afseël of laat blokkeer, ongeag of die stortpunt ook vir wettige doeleindes gebruik word;
- (c) enige toestemming wat ingevolge hierdie verordening toegestaan is, en waarop die oortreding van toepassing is, kanselleer;
- (d) die water wat deur die Raad verskaf word, beperk.

